DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

TRADISIONELE LYNVIS BELEID

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE TRADISIONELE LYNVIS VISSERY: 2005

Hierdie beleid is ook beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za en in in Engels, isiXhosa en isiZulu

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Profiel van die Vissery 3

4. Die Proses van Medium-termyn Regtetoekenning 5

5. Doelwitte met die toekenning van Kommersiële Lynvisregte 6

6. Bemagtiging van lynvisbemanning 6

7. Tydsduur 7

8. Nuwe inkomelinge 7

9. Vol Kommersiële en Beperkte Kommersiële Regte en Vrystellings 7

10. Evalueringskriteria 7

10.1 Uitsluitingskriteria (sien verder Aanhangsel A) 8

10.2 Balanseringskriteria (Sien verder Aanhangsel A) 10

(a) Transformasie 10
(b) Belegging in die vissery 11
(c) Dekbote 11
(d) Visvangprestasie 11
(e) Werkskepping 11
(f) Tradisionele visvang gemeenskappe 12
(g) Historiese Betrokkenheid 12
(h) Afhanklikheid van die vissery 12
(i) Wetsnakoming 12

10.3 Toekenning van vangspoging 12

11. Geskikte Vaartuie 13

12. Multi-sektorale Betrokkenheid 13

13. Streeksbestuur 15

14. Aansoekfooie en heffings 15

15. Bestuursmaatreëls 16

15.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visserye 16

15.2 Toegang tot snoek 16

15.3 Mariene Beskermde Gebiede 16

15.4 Voertuiggebruik in kussone 16

16. Prestasiemeting 17

17. Voorlopige lyste 17

18. Waarnemer- en moniteringsprogram 17

19. Permit Voorwaardes 17

Aanhangsel A 18

1. Inleiding

Hierdie beleid vir die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die tradisionele lynvis vissery word uitgereik deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme (die "Minister"'). Die Minister is voornemens om sy artikel 18-magte om kommersiële visvangregte toe te ken ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 (die "WLMH") aan 'n beampte van die Departement te delegeer.

Die Algemene Visseryebeleid gepubliseer in GN 931 (GG 27683 van 15 Junie 2005) is nie van toepassing op die toekenning van regte in die tradisionele lynvis sektor nie**.** Hierde beleid stel die kriteria daar wat die evalueering en toekenning van kommersiële visvangregte in die tradisionele lynvis sektor sal ly. Hierdie beleid het 'n belangrike aanhangsel, wat saamgelees moet word met die beleid aangesien dit verduidelik hoe aansoeke versprei en evalueer sal word en dit besonderhede bevat oor die hulp en bystand wat aan aansoekers verleen sal word.

Bykomend tot hierdie beleid, sal die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement") 'n Tradisionele Lynvis Bestuurshandleiding ontwikkel in oorleg met regtehouers en erkende bedryfsliggame en belangegroepe gedurende die loop van 2006. Hierdie handleiding sal in die fynste besonderhede die bestuursmetodes en prosedures wat toegepas sal word in die sektor uitstippel. Die Bestuurhandleiding sal, in besonder, meer volledig handel met die bestuur van die vissery op 'n streeksbasis.

2. Profiel van die Vissery

Die oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootgebaseerde vissery kan terug herlei word na die visvang aktiwiteite van Europese seevaarders in die 1500s. Die Nederlanders het die Kaap gekolonialiseer in 1652, maar as gevolg van sekere beperkings was die vissery stadig om te ontwikkel, ten spyte van 'n oorvloed vis. Met die Britse besetting van die Kaap Kolonie in 1795, is alle visvangbeperkings verwyder en teen die middel 1800s het die kommersiële lynvis vissery 'n florerende bedryf geword. Die volgende versnelling in die groei van die vissery het plaasgevind na die Tweede Wêreld Oorlog toe beide vangspoging en lynvisvangste aansienlik toegeneem het as gevolg van die gelyktydige ingebruikneme van gemotoriseerde vaartuie, die konstruksie van klein-boot hawens langs die kus en die beskikbaarheid van eggo-peiling tegnologie.

Ten spyte van die 200 jaar geskiedenis van die vissery is die basiese lewens-geskiedenis van verskeie spesies eers onlangs beskryf. Die eerste pogings tot bestuur van die lynvis bronne was gekenmerk deur die infasering van minimum-groote beperkings in 1940, ten opsigte van gekose spesies. Die gebrek aan lewens-geskiedenis inligting van lynvisbronne het egter tot gevolg gehad dat hierdie reguleringspoging op 'n taamlike arbitrêre basis vasgestel is. As gevolg van groeiende kommer oor die lynvisbronne is biologiese studies geloods in die 1960's ten opsigte van 'n paar belangrike spesies (*seventy four, hottentot, carpenter*). Behalwe vir 'n geslote seisoen vir *elf* in Kwazulu-Natal en *snoek* in die Kaap, was geen ander

beperkings gepromulgeer nie, todat ‘n omvattende bestuursraamwerk vir die lynvis vissery vroeg in 1985 aanvaar is.

Die 1985 bestuursraamwerk het ingesluit gewysigde minimum grootes, daaglikse sak-limiete, geslote seisoene, kommersiële vangsverbotte vir sekere spesies en die beperking van vangspoging tot die 1984 vlak. As gevolg van ‘n gebrek aan biologiese en visserydata het die vlak van beskerming wat aan elke spesie gegun is oorwegend afgehang van kwalitatiewe indikasies van die spesie se kwesbaarheid vir eksploitasie, eerder as op kwantitatiewe evaluerings. Bowendien het die gebrek aan duidelike bestuursriglyne en die bestaan van sterk belangegroepe ‘n groot mate van kompromis tussen bestuurders en vissers, met betrekking tot die implementering van bestuursplanne vir sekere spesies, tot gevolg gehad.

Die Suid Afrikaanse lynvis vissery is ‘n multi-gebruiker, multi-spesie vissery bestaande uit ongeveer 200 spesies waarvan 95 aansienlik bydra tot kommersiële- en ontspanningsvisvangs. Die gebruiksgroepe kan breedweg verdeel word in ontspannings-, kommersiële- en bestaansgrondslag komponente. Die ontspanningsvissery komponent bestaan uit ongeveer 450 000 gebruikers en kan verdeel word in riviermond hengelaars, wat visvang vanaf bote of rivieroewers, rots- en strand-hengelaars en die ontspannings skiboot sektor wat in ‘n soortgelyke omgewing as die kommersiële sektor werksaam is. Die bestaansgrondslagvissery is ‘n nuwe komponent wat vir die eerste keer erken is deur die WLMH. Die bestaansgrondslagvissery bestaan langs die ooskus vanaf die Oos-Kaap tot Noord KwaZulu–Natal en bestaan uit oewer gebaseerde en riviermond visvang aktiwiteite. As gevolg van hoë bedryfskoste sluit die bestaansgrondslagvissery nie ‘n boot-gebaseerde vissery in nie. Hierdie beleid handel slegs oor die kommersiële vissery.

Die tradisionele lynvis vissery is ‘n boot-gebaseerde aktiwiteit en bestaan tans uit ongeveer 3450 bemanning wat vanaf ongeveer 450 kommersiële vaartuie van tussen 4.5m en 15m in lengte werksaam is. Die bemanning gebruik handlyne of stok-en-katrol om ongeveer 200 mariene spesies langs die hele 3000km kuslyn te teiken. Van die 200 spesies kan ongeveer 50 as ekonomies belangrik geag word. Om te onderskei tussen lynvisvangs en langlynvangs word vissers beperk tot ‘n maksimum van 10 hoeke per lyn. Teiken spesies sluit in plaaslike rif-visse, kus-migreerende en nomadiese spesies. Jaarlikse vangste voor die vermindering van vangspoging was geskat op ongeveer 16000 ton vir die tradisionele kommersiële lynvis vissery. Feitelik al die tradisionele lynvisvangste word plaaslik verbruik.

As gevolg van die groot aantal gebruikers, loodsplekke en geteikende spesies asook operasionele afstande word die lynvis vissery bestuur aan die hand van ‘n Totale Ontplooide Vangspoging (“TOV”), sak limiete vir spesies, geslote areas, beperkings op toerusting en beperkings op die handeldryf in oor-ontginde spesies en spesies waar die bron in duie gestort het.

Geografies vind lynvisvangs plaas vanaf Port Nolloth op die Weskus tot Richardsbaai op die Ooskus. Die vissery is nie kapitaal intensief nie en is buitengewoon tradisioneel van aard, met visser-families wat, in baie gevalle, al deelneem aan die vissery vir generasies en eeue. Die vissery word gekenmerk deur onsekere arbeidsverhoudinge, insluitend *ad hoc* indiensneming van bemanning.

3. Die Biologiese Status van Lynvis Bronne

Bron beramings sedert die middel 1980s wys daarop dat met die uitsondering van vinnig groeiende spesies soos *snoek* en *geelster*, is die meeste kommersiële ontginbare lynvisse gereduseer tot gevaarlike lae vlakke. As 'n resultaat is produktiwiteit en gevolglik, jaarlikse vangste, baie minder as wat hulle kan wees, met ooglopende gevolge vir werkskepping, toerisme en bewaring. Buiten hierdie verliese, is die risiko van die ineenstorting van die bron en die kommersiële uitsterwing van die bron, soos wat gebeur het met *seventy-four*, uiters hoog.

In antwoord op die swak status van die meeste tradisionele lynvis bronne, het die Minister 'n omgewings-noodsituasie in die tradisionele lynvis vissery verklaar in Desember 2000. In terme van die noodsituasie het die Minister bepaal dat nie meer as 3450 persone kommersieel tradisionele lynvis mag vang nie. Die TOV toegeken aan die kommersiele lynvis vissery is 'n poging om die afwaartse neiging van die vissery te stabiliseer en dan oor-ontginde spesies weer op te bou.

Gegewe hulle lang lewensduur en ingewikkelde lewensgeskiedenis en die deurlopende visvang druk, is dit onwaarskynlik dat wesentlike positiewe veranderings binne 'n dekade sal plaasvind. Gedurende die Wêreld Beraad oor Volhoubare Ontwikkeling ("WBVO") het lande onderneem om visbronne te handhaaf of her-op te bou tot vlakke waar hulle die maksimum volhoubare opbrengste kan lewer. Hierdie doel moet op 'n dringende basis bereik word ten opsigte van oorontginde bronne, en indien moontlik, teen nie later as 2015 nie.

4. Die Proses van Medium-termyn Regtetoekenning

Kommersiële visvangregte vir die tradisionele lynvis vissery is vir die eerste keer toegeken in Julie 2003. Daar is regte toegeken aan 'n totaal van 346 vaartuie met 'n totale vangspoging van 2048 lynvis bemanning. Die Minister het daarna 'n verdere 448 bemanning geakkomodeer. Op 28 Augustus 2003 het die Minister 'n verklaring uitgereik waarin hy die besondere uitdagings by die toekenning van kommersiële lynvis visvangregte uiteengesit het. Die Minister se verklaring was as volg:

> "Gedurende die proses by die beoordeling van Appélle het dit baie duidelik geword dat die meerderheid van Appellante in een van die volgende kategoriëe val:
>
> - *Hulle is regtehouers in ander kommersiële visserye.* Hierdie feit was veral teenwoordig onder appellante van Arniston, Kalkbaai en Houtbaai.Sommige appellante hou twee, drie en selfs vier kommersiële visvangregte soos langlyn stokvis, pelagies, en inkvis; of

- *Hulle is naweekvissers*. Baie appellante het onbeskaamd verklaar dat hulle voltyds in betrekkings staan as konsultante, begrafnisondernemers, onderwysers of bestuurders, maar hulle lewenstyle vereis addisionele inkomste wat hulle genereer uit lynvisvang. Die kommersiële lynvis vissery, wat homself in 'n omgewingskrisis bevind is nie bedoel om sulke lewenstyle aan te vul en te ondersteun nie."

Uiteindelik is 'n total van 2497 kommersiële lynvissers geakkomodeer. Dit het beteken dat 954 bemanning nie toegeken was nie. Die Departement het toe 'n uitgebreide konsultasie proses langs die kus geloods ten einde te bepaal watter vissers uitgesluit was in die medium-termyn kommersiële proses. Hierdie proses het vir die res van 2003 geduur. In 2004, is die balans van die bemanning TOV toegeken deur middel van vrystellings in terme van artikel 81 van die WLMH.

5. Doelwitte met die toekenning van Kommersiële Lynvisregte

Die oorkoepelende doelwitte met die toekenning van langtermyn visvangregte in die tradisionele lynvis vissery is om:

- Die deelname van swart tradisionele lynvissers te bevorder;
- Kommersiële regte toe te ken aan lynvissers wat afhanklik is van die tradisionele lynvisvangs as hulle hoofbron van inkomste;
- Te streef om 'n billike gedeelte van regte toe te ken aan aansoekers gebaseer by visvang hawens wat histories geassosieër is met tradisionele lynvisvangste;
- Om die navolging van billike arbeidspraktyke te bevorder;
- Die bestuur van vangspoging te ondersteun ten einde die herstel van oorontginde en ineengestorte visbronne te fasiliteer;
- Om die fondamente te lê vir die bestuur van hierdie vissery op 'n streeksbasis; en
- Om wesentlike hoër vlakke van wetsnakoming onder vissers te verseker;

6. Bemagtiging van lynvisbemanning

Die Departement sal verwag dat alle lynvis bemanning wat van plan is om op tradisionele lynvis bote te werk registreer by die Departement op die Bemanningsregister. Alle lynvis regtehouers sal verplig wees om hulle bemanning te kies uit diegene geregistreer op die Bemanningsregister. Die Departement sal slegs persone registreer op die bemanningslys wat suksesvol 'n SAMVO veiligheidsopleidingskursus afgelê het, 'n mate van afhanklikheid van tradisionele lynvis kan aantoon en wat 'n vorm van historiese betrokkenheid in die lynvis vissery kan aantoon.

Bemanning sal gratis geregistreer word en die registrasie proses sal 'n aanvang neem in die laaste kwartaal van 2005. Almal wat kwalifiseer sal geregistreer word. Daar sal geen maksimum getal bemanning wees wat mag registreer nie.

Geregistreerde bemanning mag slegs visvang vanaf vaartuie gemagtig om tradisionele lynvis te vang, maar geregistreerde bemanning sal nie beperk word om slegs op een spesifieke lynvisvaartuig of area te werk nie. Persone geregistreer op die Bemanningslys mag ook vaartuie in ander visserye beman.

7. Tydsduur

In ag genome die biologiese status van lynvisbronne, die behoefte om hoër vlakke van wetsnakoming en navolging van vissery wette te verseker en die behoefte om lynvissers van tradisionele lynvis dorpe langs die hele kus te ondersteun, sal kommersiële regte toegeken word vir 'n periode van 8 jaar (1 Januarie 2006 tot 31 Desember 2013). Elke regtehouer sal gereeld getoets word teen voorafbepaalde prestasiekriteria.

8. Nuwe inkomelinge

Die tradisionele lynvis vissery is oorskryf. Daar word geskat dat die verhouding van oorskrywing (vissers:TOV) so hoog mag wees as 2:1. Boonop verkeer die tradisionele lynvis vissery in 'n omgewings noodsituasie. Die Minister het die TOV vasgestel op 3450 bemanning en 450 vaartuie en geen addisionele regte of vrystellings sal in hierdie vissery toegestaan word nie. Bestaande regtehouers en vrystellinghouers, mag vervang word, veral indien hulle nie van lynvis afhanklik is vir hulle hoofbron van inkomste nie, of indien hulle nie visgevang het ooreenkomstig die permitvoorwaardes nie of indien hulle versuim het om hulle besighede te transformeer ooreenkomstig hulle aansoeke vir visvangregte of vrystellings. Hierdie regte- of vrystellingshouers mag vervang word met tradisionele lynvissers, insluitend diegene wat onsuksesvol was met 'n aansoeke vir mediumtermynregte in 2003 of lynvis vrystellings in 2003/2004.

9. Vol Kommersiële en Beperkte Kommersiële Regte en Vrystellings

Die gedelegeerde owerheid sal nie meer "beperkte kommersiële" en "vol kommersiële" langtermyn lynvis regte toeken nie. Slegs kommersiële visvangregte sal toegeken word in terme van artikel 18 van die WLMH.

Dit beteken dat vrystellings en beperkte kommersiële visvangregte nie her-toegeken sal word nie. Houers van vrystellings en beperkte kommersiële visvangregte wat wil deelneem moet aansoek doen vir kommersiële visvangregte en beide kategorieë sal beskou word as medium-termyn regtehouers vir doeleindes van die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte. Alhoewel "Kommersiële visvangregte" genoem is, is lynvisregte bedoel vir klein skaal kommersiële vissers wat afhanklik is van lynvis vir hulle inkomste of 'n wesentlike deel van hulle inkomste.

10. Evalueringskriteria

Alle aansoeke vir kommersiële visvangregte sal gesif word in terme van 'n stel "*uitsluitingskriteria*". Daar sal daarna aan alle

aansoekers apart punte toegeken word in terme van 'n stel gelaaide "*vergelykende balanseringskriteria".* 'n Afsnypunt sal dan bepaal word ten einde die suksesvolle aansoekers te kies en vangspoging sal toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker op die wyse hieronder uiteengesit.

10.1 Uitsluitingskriteria (sien verder Aanhangsel A)

Buiten die kriteria beskryf in Aanhangsel A, met betrekking tot indiening van aansoeke en wesentlike tekortkominge, sal die gedelegeerde owerheid aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) Vorm van Aansoeker: Tradisionele lynvis regte sal slegs aan natuurlike persone toegeken word. Regtehouers wat voorheen werksaam was in die vorm van regspersone (soos beslote korporasies, trusts of maatskappye) moet aansoek doen in hulle persoonlike hoedanighede, maar sal as *"medium-termyn regtehouers"* geag word vir doeleindes van die toekenningsproses mits hulle lede van beslote korporasies, aandeelhouers van maatskappye en begunstigdes van trusts was toe hierdie entiteite medium-termyn regte ontvang het in 2001/2002. Die gedelegeerde owerheid mag ander individue as medium-termyn regtehouers beskou indien hulle beheer verky het oor die medium-termyn reg, by wyse van 'n oordrag goedgekeur deur die verantwoordelike owerheid.

Persone wat lede was van beslote korporasies, aandeelhouers van 'n maatskappy of begunstigdes van 'n trust, mag voortgaan om in hierdie vorm werksaam te wees mits hulle een individu nomineer van die beslote korporasie of maatskappy om aansoek te doen namens al die ander lede, aandeelhouers of begunstigdes. Die gedelegeerde owerheid sal die verhouding tussen die aansoeker en die vorige regtehouers in ag neem by die toekenning van regte.

(b) Wetsnakoming: Aansoekers wat skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding van die WLMH, die regulasies, permitvoorwaardes of ander ernstige vissery verwante oortredings gedurende die medium-termyn regteperiode, sal nie 'n tradisionele lynvis reg ontvang nie. Dit sluit nie die betaling van 'n skulderkenningsboete in nie. Indien die aansoeker 'n lid van 'n beslote korporasie was of aandeelhouer van 'n maatskappy was wat 'n medium-termyn reg gehou het, dan sal die aansoeker nie 'n reg ontvang nie as die medium-termyn regtehouer (die beslote korporasie of maatskappy) of een van sy lede, direkteure of beherende aandeelhouers skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding van die WLMH, die regulasies, permitvoorwaardes of ander ernstige vissery verwante misdrywe gedurende die medium-termyn regteperiode.

Regte sal ook nie toegeken word aan 'n aansoeker indien die aansoeker se visvangregte gekanselleer of ingetrek is ingevolge die WLMH nie of daar op sy bates beslag gelê is in terme van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998 of die WLMH nie. Indien die aansoeker 'n lid van 'n beslote korporasie was

of aandeelhouer van ‘n maatskappye wat ‘n medium-termyn reg gehou het, dan sal die aansoeker nie ‘n reg ontvang nie as die medium-termyn regtehouer (die beslote korporasie of maatskappy) of een van sy lede, direkteure of beherende aandeelhouers ‘n reg gehad het wat gekanseleer of ingetrek is in terme van die WLMH, of bates gehad het waarop beslag gelê is in terme van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad.

Besluite mag gereserveer word oor aansoeke as daar ‘n hangende kriminele ondersoek is of artikel 28 verrigtinge, wat die uitkoms van die aasoek mag affekteer.

(c) **Papierkwotas:** In die langtermyn regtetoekenningsproses sal die gedelegeerde owerheid nuwe inkomeling aansoekers uitsluit wat blyk om papierkwotas te wees. Vir hierdie doel sal die gedelegeerde owerheid ‘n aansoeker as ‘n “papierkwotarisiko” beskou as daardie aansoeker geen ernstige voorneme het om die risikos van deelname aan die sektor te deel nie, veral wanneer ‘n gevaar bestaan dat ‘n aansoeker nie aansoek gedoen het om die bedryf toe te tree nie, maar om finansiële voordeel te trek sonder om direk by die hoofbedrywighede van ontginning van enige reg wat toegeken word, betrokke te raak. Ten einde te beppaal of ‘n nuwe aansoeker so ‘n papierkwotarisiko is, behoort die aansoeker se bates en toegang tot kapitaal en finansiële en besigheidsbeplanning en verpligtinge oorweeg te word. Die gedelgeerde owerheid sal ook aansoekers uitsluit as “*papierkwota risiko*” wat beskou word as “*fronte*” vir ander begunstigdes. Fronte ontstaan wanneer, ten einde ‘n beleidsdoelwit te omseil, aansoek gedoen word deur ‘n ander entiteit. ‘n Voorbeeld is ‘n aansoek deur ‘n oënskynlike getransformeerde entiteit met die bedoeling dat die hoofvoordele sal vloei na ‘n ongetransformeerde entiteit of na persone wat nie swart is nie.

Groot groepe identiese of baie soortgelyke aansoeke geborg deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite, sal uitgesluit word as fronte (papierkwotas), ongeag die meriete van die individuele aansoeke.

‘n Huishouding (bestaande uit ouers en kinders) mag nie meer as een reg ontvang nie ten einde fronte te vermy en om die toegang tot die tradisionele lynvis bron te verbreed. Daar mag van aansoekers vereis word om hulle verhouding met ander aansoekers in die lynvis sektor en ander kommersiële visserye te openbaar. Indien meer as een lid van ‘n huishouding vir ‘n reg aansoek doen, mag al die aansoeke van daardie huishouding uitgesluit word, tensy die aansoekers duidelik en oortuigend kan aantoon dat hulle aparte klein kommersiële ondernemings gevestig het.

(d) **Nie-gebruik:** Die gedelegeerde owerheid mag weier om regte toe te ken aan daardie regtehouers wat versuim het om hulle medium termyn kommersiële visvangregte of vrystellings tussen 2003 en 31 Desember 2004 ten volle te benut. Die gedelegeerde owerheid mag ook weier om ‘n reg toe te ken aan ‘n aansoeker wat ‘n lid was van ‘n beslote korporasie of direkteur of aandeelhouer van ‘n maatskappy wat ‘n medium-termyn reg gehou het en versuim het om daardie reg ten volle te benut. Die gedelegeerde owerheid behoort ag te slaan op die frekwensie en

gereeldheid van indiening van vangspogingdata deur regte- en vrystellingshouers.

(e) **Persoonlike betrokkenheid by oes van hulpbron:** Daar sal van aansoekers vereis word om aan te toon dat, gedurende die visvang seisoen, hulle persoonlik betrokke is in tradisionele lynvisvangs, deurdat hulle aktief is op die visvangvaartuie en deelneem aan die bedryf van die besigheid. Slegs aansoekers wat nie in staat is om deel te neem nie as gevolg van 'n permanente fisiese ongeskiktheid sal vrygestel word van hierdie vereiste. Vroue aansoekers sal nie vrygestel word van aanboord deelname nie. 'n Jaar na die toekennig van regte sal die Departemen aansoeke oorweeg vir vrystellings van die vereiste om aan boord die genomineerde vaartuig te wees, en mag so 'n vrystelling verleen vir 'n goeie rede, soos byvoorbeeld, indien dit nodig is om 'n kaptein toe te laat om die nodige ervaring te kry ten einde te kwalifiseer en as die regtehouer aantoon dat hy of sy sal aanhou om in die lynvis besigheid betrokke te wees.

(f) **Toegang tot vaartuig:** Aansoekers sal moet kan aantoon dat hulle toegang het tot 'n geskikte lynvis vaartuig **(*sien paragraaf 11 hieronder*).**

10.2 Balanseringskriteria (Sien verder Aanhangsel A)

Aansoekers sal evalueer word in terme van die volgende balanseringskriteria (indien op hulle van toepassing), wat gelaai sal word ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal:

(a) Transformasie

Ten einde die transformasie profiel van die vissery te verbeter sal daar positiewe punte toegeken word aan swart aansoekers. Geslag mag gebruik word as 'n valbyl faktor (maw. waar meer as een aansoeker dieselfde punte behaal sal 'n vroulike aansoeker verkies word bo 'n manlike een).

Aansoekers sal ook beoordeel word op-

- Die persentasie van swart persone en vroue betrokke in die bestuur van die aansoeker se onderneming en wat indiens is van die aansoeker;
- Of die aansoeker vaardigheidontwikkelings wetgewing nakom (indien van toepassing) en of die aansoeker belê het in die opleiding en ontwikkeling van bemanning;
- Of die aansoeker gereeld winste gedeel het met bemanning;
- Regstellende aankope; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die vissery

Beleggings in vaartuie en toerusting sal erken word, solank die belegging ‘n ware toewyding tot deelname in die vissery aantoon. Die gedelegeerde owerheid mag besuit om nie die koop of eienaarskap van ‘n vaartuig wat nie huidiglik in die tradisionele lynvis vissery is te beloon nie. Aandeelhouding verkry teen minimum of geen koste vir die aansoeker nie behoort nie as ‘n belegging erken te word nie. Die gedelegeerde owerheid behoort te oorweeg of die aansoeker belê het in vis prosesseringsinitiatiewe of van voornemens is om in enige lynvis prosesseringsinitiatiewe te belê om verdere waarde toe te voeg tot tradisonele lynvis wat gevang word.

(c) Dekbote

Aansoekers wat woonagtig is langs die weskus en suid-ooskuis wat van voornemens is om tradisionele houtdekbote te benut (solank die vaartuie 10m of korter is) mag beloon word, mits die aansoeker in staat is om aan te toon dat die vaartuig ‘n goeie prestasiegeskiedenis in die tradisionele lynvis vissery het.

(d) Visvangprestasie

Regtehouer en vrystellinghouer aansoekers sal beoordeel word met verwysing na hulle tradisionele lynvis vangsprestasie en rekord gedurende die medium-termyn regtetoekennings periode.

Nuwe inkomeling aansoekers sal beoordeel word met verwysing na of hulle oor die nodige vermoë, kennis en vaardigheid beskik om deel te neem aan die tradisionele lynvis sektor.

(e) Werkskepping

Regte- en vrystellingshouers wat kan aantoon dat hulle permanente of tydelike werk verskaf het gedurende die medium-termyn periode sal beloon word veral diegene wat hulle werknemers voorsien het met-

- Voltydse werk;
- Mediese fonds en pensioen voordele;
- Veilige werksomstandighede; en

- Enige ander indiensnemingsvoordele.

(f) Tradisionele visvang gemeenskappe

'n Aantal tradisionele visvangdorpies langs die Suid-Afrikaanse kus was histories die kerngebiede van tradisionele lynvisvangs. Die gedelegeerde owerheid mag positiewe punte toeken aan aansoekers wat woonagtig was in 'n tradisionele lynvisdorpie vir ten minste die laaste 10 jaar en wat voornemens is om vis te vang slegs vanaf 'n plaaslike hawe of glybaan.

(g) Historiese Betrokkenheid

Alle aansoekers sal beloon word indien hulle historiese betrokkenheid in die tradisionele lynvis vissery kan aantoon, soos dat hulle 'n kaptein of bemanningslid in die vissery was.

(h) Afhanklikheid van die vissery

Die gedelegeerde owerheid behoort aansoekers te verkies wat staatmaak op tradisionele lynvis vir 'n beduidende gedeelte van hulle bruto jaarlikse inkomste. Daar mag negatiewe punte toegeken word aan aansoekers wat inkomste verdien uit ander bronne buite die visvangindustrie. Daar sal van nuwe inkomeling aansoekers vereis word om hulle historiese afhanklikheid van tradisonele lynvis vir hulle bestaan aan te toon.

(i) Wetsnakoming

Daar sal negatiewe punte toegeken word vir geringe oortredings van die WLMH, die regulasies en permitvoorwaardes.

10.3 Toekenning van vangspoging

Die gedelgeerde owerheid sal regte toeken aan 'n maksimum van 450 vaartuie wat 'n maksimum van 3450 bemanning kan dra, opgedeel tussen die streke op die wyse hieronder uiteengesit. Die getal vaartuie toegeken aan elke streeksbestuurarea is bepaal na oorweging gegee is aan die aantal aktiewe vaartuie in elke streek oor die

afgelope vyf jaar en die vlakke van vangspoging wat in elke streek volhou kan word:

Streeksbestuurarea	Vaartuig Vangspoging
Port Nolloth tot Kaap Infanta	295
Kaap Infanta tot Port St Johns	103
Kwazulu-Natal	52
	450

Elke suksesvolle aansoeker sal slegs die reg om een vaartuig te gebruik ontvang. Indien al 450 vaartuie nie toegeken word nie, mag die gedelegeerde owerheid die oorblywende vaartuie toeken aan aansoekers wat die hoogste aantal punte behaal het in die vergelykende balanserings proses in daardie area en wat meer as een geskikte vaartuig genomineer het vir die vang van tradisionele lynvis.

Die aantal bemanning wat mag visvang vanaf 'n vaartuig sal beperk word tot die getal wat verskyn op die genomineerde vaartuig se SAMVO veiligheidsertifiaat. Medium-termyn regtehouers of "beperkte kommersiële" regtehouers moet wysigings van hulle huidige SAMVO sertifikate versoek indien hulle meer eenhede van bemanning of vangspoging wil ontvang as wat die beperkte kommersiële reg toelaat.

11. Geskikte Vaartuie

Alle aansoekers moet toegang tot 'n geskikte lynvis vaartuig aantoon. 'n Geskikte vaartuig in die tradisionele lynvis vissery is 'n vaartuig wat:

- of 'n skiboot of tradisionele houtdekboot, van ongeveer 10m of minder is (hierdie kriterium moet buigsaam deur die gedelegeerde owerheid toegepas word), wat tans werksaam is in die vissery. Die vaartuig moet deur SAMVO gesertifiseer wees as veilig vir visvang;en
- toegerus is vir handlyn visvangs.

Die Departement mag versoek dat elke vaartuig eienaar belê in 'n aanvaarbare vaartuig moniterings stelsel ("VMS") nadat regte toegeken is. Daar sal ag geslaan word op die koste van 'n VMS stelsel voordat hierdie vereiste ingestel word.

12. Multi-sektorale Betrokkenheid

Regtehouers in die tradisionele lynvis vissery mag nie die beherende aandeelhouer van 'n maatskappy wees, of lid van 'n beslote korporasie, of deel van die uitvoerende bestuurspan van 'n entiteit wat 'n kommersiële visvangreg in die Groep A of

B visserye hou nie. Die Groep A visserye is:

- Diepsee Stokvistreilvangs
- Stokvis Kuslyntreilvangs
- Maasbanker
- Klein pelagies
- Patagoniese Tandvis
- KZN Diepsee Garnaaltreilvangs
- Suidkuskreef

Die Groep B visserye is:

- Tuna Paal
- Stokvis Langlyn
- Inkvis
- Seewier
- WKK (Aflandig)
- Bodemhaai

Regtehouers in die tradisionele lynvis vissery mag die volgende regte hou, bo en behalwe hulle tradisonele lynvis regte:

- Regtehouers permanent woonagtig in Port Nolloth en Gansbaai mag ook weskus kreef regte hou (slegs kuslyn), indien daardie regtehouers nie ook ‘n houer van ‘n perlemoenreg is nie;
- Regtehouers permanent woonagtig tussen Kaap Infanta en Port St Johns mag ook stokvis handlyn visvangregte hou; en
- Regtehouers permanent woonagtig in KwaZulu-Natal mag ook netvis regte hou (soos stootnet ens.), insluitend strandseën regte.

Die bepalings van Staatskennisgewing 4727 van 29 Desember 2000, sover as wat dit houers van kommersiële tradisionele lynvis regte verbied om enige ander kommersiële regte te hou, word hiermee gewysig en die houer van tradisionele lynvisregte word gemagtig om ook die volgende visvangregte te hou:

- Weskuskreef (kuslyn);
- Stokvis handlyn; en
- KwazuluNatal Strandseënnet (insluitend stootnette)

Tradisionele lynvis regtehouers aan wie ook weskuskreef (kuslyn) regte toegeken word, sal nie toegelaat word om enige toerusting vir die vang van kreef aanboord die vaartuig te dra nie, terwyl sulke regtehouers besig is om tradisionele lynvis te vang. Regtehouers sal toegelaat word om stokvis handlyn en tradisionele lynvis op dieselfde vaarte te vang (hulle mag beide permitte dra). Sulke regtehouers sal dieselfde hoeveelheid bemanning vir stokvis handlyn en lynvis ontvang.

13. Streeksbestuur

Die Departement is van voorneme om hierdie vissery op 'n streeksbasis te bestuur, met 'n verbod op die beweging van vaartuie van een streek tot die volgende en met regulering van die gebruik van vaartuie binne die streke.

Meer spesifiek, sou 'n aansoeker suksesvol wees met sy aansoek, sal die regtehouer beperk word tot 'n spesifieke streek. 'n Aansoeker wat 'n reg ontvang het in een streek mag nie migreer na 'n ander streek nie. Die gedelegeerde owerheid sal tradisonele lynvis regte toeken in die volgende drie bestuursstreke:

- Port Nolloth tot Kaap Infanta;
- Kaap Infanta tot Port St Johns
- KwaZulu-Natal

Binne elke streek mag spesies wat skool naamlik kabeljou, geelstert, geelbek, karp en snoek geteiken word weg van die area geregistreer op die genomineerde vaartuig, soos Saldanha of Kaapstad. Dit sal toelaat vir die beweeglikheid van die tradisionele lynvis vloot en sal die konsentrasie van vangspoging op uitgeputte rifspesies verminder. Byvoorbeeld, wanneer 'n weskus of Kaapstad gebaseerde tradisonele lynvis vaartuig na Struisbaai beweeg om skool spesies te teiken, sal dit nie toegelaat word om enige ander spesies in daardie area te vang nie. 'n Struisbaai gebaseerde vaartuig mag na Valsbaai beweeg om geelbek te teiken, of na die weskus om snoek te teiken, maar dit sal nie toegelaat word om rifvis buite die Struisbaai area te vang nie. Bykomend, sal die Departement die oes van lynvis spesies wat oorontgin is of ineengestort is in sekere areas verbied.

14. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekgelde vir hierdie vissery sal bepaal word met inagneming van:

- Die koste van die hele regtetoekenningsproses, met inbegrip van konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings; en
- Die waarde van die vis wat toegeken word oor die duur van die reg.

Die jaarlikse heffings wat met ingang 1 Januarie 2006 betaalbaar is, sal vasgestel word na oorlegpleging met regtehouers.

Die heffings betaalbaar sal deur die Departement gebruik word vir die mitigasie van jaarlikse kostes van bestuur, wetsnakoming en navorsing.

15. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hieronder bespreek word is 'n paar van die Departement se hoofdoelstellings met die bestuur van die vissery, na die toekenning van regte.

15.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visserye

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot die vissery (EBV). 'n Ekosisteembenadering tot die bestuur van visserye is 'n holistiese en geïntegreerde beleid wat erken dat visvang en aanverwante aktiwiteite 'n impak het op die groter mariene omgewing. Die EBV sal verder uiteen gesit word in die Bestuurshandleiding van die tradisonele lynvis vissery. Suid-Afrika bly verbind tot die teikendatum van 2010 om 'n EBV in die kommersiële visserye in werking te stel.

15.2 Toegang tot snoek

Die Department sal aanhou om tradisionele lynvissers toe te laat om toegang te hê tot snoek. Die Departement het al voorheen verklaar dat 'n aparte snoek vissery nie lewensvatbaar is nie aangesien snoek 'n hoogs nomadiese spesie is, soos huidiglik blyk.

15.3 Mariene Beskermde Gebiede

Verdere mariene beskermde gebiede sal verklaar word oor die tydsduur van lynvis regte. In besonder, die Minister sal gedurende 2005 die Namakwaland Mariene Beskermde Gebied verklaar. Die Department bly verbind tot die oogmerk om 20% van sy marienearea te beskerm van visvangs.

15.4 Voertuiggebruik in kussone

Regtehouers in die tradisionele lynvis vissery moet aansoek doen by die Adjunk Direkteur Generaal van Mariene en Kusbestuur vir 'n permit om 'n vaartuig in die kussone te gebruik indien so 'n voertuig benodig word om 'n vaartuig te lanseer buite 'n gelisensiëerde loodsplek.

Aansoekvorms vir voertuiggebruik in die kussone sal beskikbaar gestel word saam met aansoekvorms vir regte in hierdie vissery. Hierdie aansoekvorms vir voertuiggebruik in die kussone is ook beskikbaar by www.mcm-

deat.gov.za. Die fooi om aansoek te doen vir ‘n permit om ‘n voertuig in die kussone te gebruik is R500 (Vyfhonderd rand).

16. Prestasiemeting

Die Departement sal prestasiemeting toepas vir die duur van die kommersiële visvangregte. Daar word beoog dat die eerste prestasiemeting na ‘n jaar en daarna na elke drie jaar sal plaasvind.

Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet word na die toekenning van die kommersiële visvangregte en na oorlegpleging met regte-houers sal finaliseer, kan die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- Bemagtiging van bemanning;
- Belegging in prosessering en waardetoevoeging tot lynvisbronne;
- werkskepping; en
- voldoening aan toepaslike wette en regulasies.

17. Voorlopige lyste

Voordat die gedelegeerde owerheid ‘n finale besluit neem oor suksesvolle aansoekers, behoort hy of sy ‘n voorlopige lys van suksesvolle aansoekers uit te reik. Die voorlopige lys sal in elke visvanggebied gesirkuleer word. Geinteresseerde of belanghebbende partye in hierdie gebiede mag dan uitgenooi word om kommentaar te lewer op die lys en, in besonder, om die gedelegeerde owerheid te verwittig of enige persone wat histories tradisionele lynvis gevang het in die area nie op die voorlopige lys ingesluit is nie en of daar aansoekers op die lys ingesluit is wat nie afhanklik is van die tradisionele lynvis bron nie.

18. Waarnemer- en moniteringsprogram

Die Departement se huidige moniteringsprogram sal na hierdie vissery uitgebrei word. Van regtehouers sal vereis word om die koste van ‘n landgebaseerde moniteringsprogram te dra.

19. Permit Voorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Permitvoorwaardes kan enige tyd gedurende die seisoen verander word, maar na konsultasie met regtehouers en bedryfsliggame en belanghebbende groepe.

Aanhangsel A

1) Die Aansoekproses

(a) Kommunikasie

Gedurende die aansoek periode, sal beamptes van die Departement, die gedelegeerde owerheid en die Minister, nie met individuele aansoekers rakende hulle aansoeke kommunikeer op 'n wyse anders as voorgeskryf in hierdie aanhangsel nie. Soortgelyk, mag aansoekers of hulle verteenwoordigers nie met die Minister, gedelegeerde owerheid of beamptes van die Departement kommunikeer rakende hulle ansoeke anders as op die wyse voorgeskryf in hierdie aanhangsel nie. Daar mag glad nie staatgemaak word op inligting gegee of ontvang op enige ander wyse nie. Pogings om 'n besluit van die gedelegeerde of appél owerheid oor die toekenning van 'n reg of vangspoging te beinvloed op enige ander wyse sal 'n aparte grond daar stel om die aansoek of appél te weier.

Tensy anders bepaal in hierdie aanhangsel, mag kommunikasie tussen die Minister, die gedelegeerde owerheid en beamptes van die Departement aan die een kant, en aansoekers aan die ander, slegs plaasvind by wyse van die volgende ses meganismes:

- Elektroniese Media: Beleide en ander materiaal sal gepubliseer word op die Departement se amptelike webruimte, www.mcm-deat.gov.za.
- Staatskoerant: Alle beleide, uitnodigings om aansoek te doen en algemene kennisgewings sal in die Staatskoerant gepubliseer word.
- Erkende bedryfsliggame en belangegroepe: Beleide en ander materiaal sal gesirkuleer word deur erkende bedryfsliggame en belangegroepe.
- Inbel sentrum: Die Departement het 'n inbel sentrum gevestig met assistente om vrae te beantwoord oor regte toekenning.
- Kliëntedienssentrum: Die Departement het 'n kliëntedienssentrum in Kaapstad gevestig.
- Departementele beamptes sal bystand verleen aan aansoekers by die distribusie en ontvangs punte en sal vergaderings hou by verskeie adverteerde lokale langs die kuslyn waar die aansoekproses verduidelik sal word.

(b) Taal

In hierdie vissery sal die beleid en verduidelikende notas tot die aansoek vorm beskikbaar wees in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

In geval van konflik, sal die Enelse teks van die beleid of verduidelikende nota voorrang geniet.

(c) Uitnodiging om aansoek te doen vir regte

Uitnodigings om aansoek te doen vir kommersiële visvangregte sal in die Staatskoerant gepubliseer word. Die Departement sal ook verseker dat kennisgewings geplaas word op die Departement se webruimte asook in streekskoerante.

Uitnodigings geplaas in die Staatskoerant sal uit die volgende dele bestaan:

- ‘n Kort uitnodiging om aansoek te doen vir die betrokke kommersiële visvangreg binne ‘n gespesifiseerde periode.
- Hierdie beleid.
- ‘n Voorbeeld aansoekvorm met ‘n stel instruksies en verduidelikende notas.

(d) Aansoekvorms

‘n Aparte tradisionele lynvis aansoekvorm sal gebruik word om die inligting te verkry wat relevant geag word ten einde aansoeke vir kommersiële lynvis regte doeltreffend te evalueer.

(e) Distribusie van aansoekvorms en betaling van fooie

Aansoekvorms sal versprei word by verskeie geadverteerde streekslokale langs die kuslyn. Daar sal van aansoekers vereis word om ‘n tjek of posorder in bedrag van die aansoekfooi na distribusie punt te bring. Daar sal van aansoekers vereis word om ‘n kort stel biografiese besonderhede, soos naam, identifikasie nommer, kontak besonderhede ensovoorts, aan die beamptes by die distribusie punt te verskaf. Na voltooiing, en nadat bewys van betaling van die aansoekfooi ingedien is, sal aansoekers met ‘n aansoekvorm voorsien word.

(f) Ontvangs

Daar sal van aansoekers vereis word om die voltooide aansoekvorms en aanhangsels per hand binne ‘n gespesifiseerde tydperk by verskeie vooraf geadverteerde ontvangspunte langs die kuslyn in te dien.

(g) Kopieë

Daar sal van die aansoeker of gemagtigde verteenwoordiger van die aansoeker vereis word om, nadat die aansoekvorm en die aahangsels voltooi is, die aansoekvorm te teken en die deklarasie af te lê voor ‘n kommisaris van ede. Hierdie aansoekvorm, met sy aanhangsels moet fotokopieer word en beide die oorsrponklike en die kopie moet ingedien word.

(h) Ontwerp van kriteria en lading

Inligting ingedien deur aansoekers sal op ‘n databasis vasgevang word. Die beleide, die databasis en inligting ingedien by wyse van aanhangsels, sal dan gebruik word vir die ontwikkeling van gedetaileerde kriteria en lading vir doeleindes van evalueering van die aansoeke en daarna die toekenning van vangspoging.

(i) Inligting wat oorweeg sal word

Die benadering hieronder uiteengesit sal deur die gedelegeerde owerheid en die appél owerheid gevolg word rakende inligting wat in ag geneem sal word vir doeleindes van evalueering van die aansoeke.

(ii) Dele van die aansoekvorm wat nie voltooi is nie

Tensy anders aangedui in die aansoekvorm, indien ‘n deel van die aansoekvorm nie voltooi is nie, sal dit aanvaar word dat daardie deel van die vorm nie op die aansoeker van toepassing is nie. Indien die afdeling positiewe punte koppel aan die antwoord, sal geen punte toegeken word nie.

‘n Spesifieke simbool (die “waarskuwingteken” simbool) sal gebruik word om aan te dui waar, indien nie voltooi nie, ‘n antwoord nadelig vir die aansoeker aanvaar sal word. Byvoorbeeld, indien oopgelaat, sal dit aanvaar word dat die aansoeker “ja” geantwoord het op ‘n vraag soos: “Is u ooit skuldig bevind aan ‘n oortreding van die WLMH”? Die waarskuwingsteken mag ook gebruik word om aan te dui dat indien die antwoord op ‘n positiewe gestelde of oop vraag nie beantwoord is nie, sal dit aanvaar word dat die aansoeker die vraag negatief beantwoord het. Byvoorbeeld, indien oop gelaat, sal dit aanvaar word dat die aansoeker “nee” geantwoord het op ‘n vraag soos: “Het jy deelgeneem as ‘n bemanningslid op ‘n vaartuig wat voltyds werksaam was in die beperkte kommersieële of vol kommersiële visserye?”

(ii) Inligting wat laat is

Inligting ingedien na die sluitingsdatum sal nie oorweeg word nie, tensy versoek deur die Regte Verifikasie Eenheid, die gedelegeerde owerheid of die Minister as deel van die regte toekennings of appél proses. Die benadering tot die indiening van addisionele inligting op appél word hieronder beskryf.

(iii) Inligting van eksterne bronne

Nadelige inligting ontvang van eksterne bronne oor ‘n aansoek sal nie in ag geneem word deur die Minister of gedelegeerde owerheid nie, tensy die aansoeker die geleentheid gegee is om vertoë te rig met betrekking tot sodanige inligting.

(iv) Gebruik van die Departementele databasis

Die Minister of gedelegeerde owerheid mag inligting benut wat vervat is in die Departement se eie databasis gedurende die lang-termyn regtetoekennings proses, maar sal slegs so doen tot die mate wat die aansoekers die geleentheid gegee is om vertoë te rig oor die korrektheid van die data.

(v) Indien van valse inligting of dokumente en nie-openbaarmaking

Daar sal van aansoekers of hulle gemagtigde verteenwoordigers vereis word om ‘n eed af te lê voor ‘n kommisaris van ede, wat onder andere, verklaar dat hulle nie vals inligting of vals dokumente ingedien het nie en dat hulle nie versuim het om wesentlike inligting te openbaar nie. Die indiening van vals inligting of vals dokumente of die versuim om wesentlike inligting te openbaar sal ‘n onafhanklike grond daarstel vir die weier van die aansoek. Dit sal aanvaar word dat ‘n aansoeker vals inligting ingedien het indien daar ‘n wesentlike verskil is tussen die inligting ingedien deur die aansoeker en die inligting vervat in die Departement se databasis, en waar beide weergawes nie korrek kan wees nie. Dit sal verder aangeneem word dat ‘n aansoeker vals inligting verskaf het waar daar ‘n wesentlike verskil is tussen die inligting verskaf deur die aansoeker in die oorspronklike aansoek en die inligting verskaf deur die aansoeker op appél, en waar beide weergawes nie korrek kan wees nie. Bykomend, die maak van ‘n valse verklaring onder eed, wetend dat sodanige verklaring vals is, is ‘n kriminele oortreding.

(vi) Kopieë van dokumente

Daar sal nie van aansoekers vereis word om enige kopie as ‘n ware kopie te laat sertifiseer nie, maar dit sal aangeneem word dat enige kopie ingedien ‘n presiese weergawe van die oorspronklike is.

(j) Versoeke om verdere inligting, ondersoeke en oorlegpleging

Die Minister of gedelegeerde owerheid mag aansoekers uitnooi om mondelingse submissies te maak of om veredere inligting skriftelik in te dien as daar onsekerheid is oor ‘n wesentlike kwessie in ‘n substansiele aantal van die aansoeke. Indien mondelingse verhore gehou word, sal daar toegelaat word dat regsverteenwoordigers die Minister of gedelegeerde owerheid toespreek.

Die Minister of die gedelegeerde owerheid mag versoek dat die Regte Verifikasie Eenheid enige aangeleentheid ondersoek, insluitend die korrektheid van die inligting verskaf. Aansoekers moet saam werk met ondersoekbeamptes deur tydig antwoorde of verduidelikings op geskrewe versoeke vir inligting in te dien, deur vergaderings met ondersoekbeamptes by te woon, deur vrae bevredigend te antwoord op sulke vergaderings en waar nodig, ondersoekbeamptes toegang tot persele, vaartuie en dokumente te gee. Die versuim om saam te werk sal 'n onafhanklike grond vir die weier van die aansoek daar stel.

(k) Ondersteuning vir gedelegeerde owerhede

Die gedelegeerde owerheid verantwoordelik vir besluite oor aansoeke in die lynvis sektor mag bygestaan word deur 'n "*Advies Kommittee"* en ook deur professionele projek-bestuurders, konsultante en regspraktisyns. Die rol van die Advies Kommittee sal deur die gedelegeerde owerheid vasgestel word. Daar mag van die advies kommittee vereis word om bystand te verleen in die evalueering van aansoeke onder die toesig van, en in ooreenstemming met die kriteria en lading vasgestel deur die gedelegeerde owerheid.

(l) Voorlopige lyste

Die gedelegeerde owerheid mag 'n voorlopige lys vir kommentaar oor enige aspek in hierdie sektor uitreik. Byvoorbeeld, die gedelegeerde owerheid mag kommentaar versoek oor of die voorlopige suskesvolle aansoekers afhanklik is van die bron en 'n finale besluit neem op grond van die kommentaar wat ontvang is.

(m) Bekendmaking van besluite en redes

Nadat die gedelegeerde owerheid besluite geneem het oor die toekenning van regte en kwantum of vangspoging, sal die Departement 'n aansoeker skriftelik in kennis stel van die besluit oor die aansoek. Bykomend sal die Departement die resultate elektronies publiseer en die resultate kommunikeer deur erkende bedryfsliggame en belangegroepe.

Onsuksesvolle aansoekers

Onsuksesvolle aansoekers sal die volgende ontvang saam met die brief wat hulle in kennis stel van die uitkoms van die

aansoek:

- Die Algemene Gepubliseerde Redes wat die kriteria sal vervat, die besluitnemingsproses en die metodologie met betrekking tot besluite oor kwantum en vangspoging;
- ‘n Spesifieke rede oor hoekom die aansoek onsuksesvol was;
- ‘n Appél vorm, wat die aansoekers moet indien saam met die appél;
- ‘n Kennisgewing van die sluitingsdatum, besonderhede van die appél owerheid en ander formele vereistes vir die indiening van appélle; en
- ‘n Kopie van enige finale telkaart wat gebruik is in die evalueering van die aansoek.

Bykomend, sal die volgende dokumente automaties beskikbaar wees vir inspeksie of te koop teen die voorgeskrewe fooi:

- Die Spryblad van Besluite wat ‘n opsomming van die evalueering van al die aansoeke in die lynvis sektor bevat;
- Finale Telkaarte van al die ander aansoekers; en
- Die besluitnemings lyste van die gedelegeerde owerheid of die Minister.

Die spesifieke rede vervat in die kennisgewings brief aan onsuksesvolle aansoekers, saam met die Algemene Gepubliseerde Redes, the finale telkaart en die inligting wat outomaties beskikbaar is, maak die redes uit vir die besluit om ‘n aansoek te weier.

Sukesvolle aansoekers

Suksesvolle aansoekers sal die volgende ontvang saam met die brief wat hulle inglig oor die besluit oor hulle aansoeke:

- Die Algemene Gepubliseerde Redes wat die kriteria sal vervat, die besluitnemingsproses en die metodologie met betrekking tot besluite oor kwantum en vangspoging;
- ‘n Appél vorm, wat die aansoekers moet indien saam met die appél oor kwantum of vangspoging;
- ‘n Kennisgewing van die sluitingsdatum, besonderhede van die appél owerheid en ander formele vereistes vir die indiening van appélle;
- ‘n Kopie van enige finale telkaart wat gebruik is in die evalueering van die aansoek; en
- ‘n Stel generiese permitvoorwaardes wat van toepassing is op die vissery.

Bykomend, sal die volgende dokumente automaties beskikbaar wees vir inspeksie of te koop teen die voorgeskrewe fooi:

- Die Spryblad van Besluite wat ‘n opsomming van die evalueering van al die aansoeke in die lynvis sektor bevat;
- Finale Telkaarte van al die ander aansoekers; en
- Die besluitnemings lyste van die gedelegeerde owerheid of die Minister.

Die Algemene Gepubliseerde Redes, the finale telkaart en die inligting wat outomaties beskikbaar is, maak die redes uit vir die besluit om ‘n kommersiële visvangreg toe te ken en om kwantum of vangspoging toe te ken.

(n) Appélle

Elke aansoeker sal die reg hê om te appélleer teen die besluit van die gedelegeerde owerheid. Die appél mag ingedien word teen die weiering om ‘n reg toe te ken of teen ‘n besluit oor kwantum of vangspoging. Besonderhede oor die indiening van appélle sal vervat word in die kennisgewings brief.

Die appél owerheid sal die feite oorweeg soos hulle was op die sluitings datum vir aansoeke en sal nie feite in ag neem wat daarna ontstaan het nie. Byvoorbeeld, indien ‘n aansoeker ‘n belgging in ‘n vaartuig gemaak het na die sluitingsdatum vir aansoeke, sal daardie feit nie in ag geneem word by oorweging van die appél nie.

Nadat ‘n besluit geneem is, sal die appellant skriftelik in kennis gestel word van die appél owerheid se besluit.

(o) Toegang tot inligting

Die volgende rekords sal outomaties beskikbaar wees vir inspeksie of te koop teen die voorgeskrewe fooi nadat die resultate aangekondig is:

- Enige telkaart, spreiblad of ander dokument gebruik deur die gedelegeerde owerheid, die Minister of hulle assistente om die evalueering van aansoeke aan te teken; en
- By versoek van die aansoeker of sy gemagtigde verteenwoordiger, die aansoeker se eie aansoek of appél dokumentasie;

Versoeke tot toegang tot die volgende rekords sal hanteer word onder die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000:

- Die aansoekvorm van ‘n ander aansoeker;
- Die aanhangsels ingedien saam met ‘n aansoek van ‘n ander aansoeker; en
- Appél dokumentasie ingedien deur ‘n ander aansoeker.

Met betrekking tot toegang tot hierdie rekords, sal die Departement se inligting beampte (die Hoof Direkteur: Bron- en Kusbestuur) die prosedures en bepalings van die WBVTI toepas. Ten einde met die adiministrasie van toegang tot inligting aansoeke te help, sal daar van aansoekers vereis word om sekere dokumente, in verband waarmee die inligting beampte toegang mag weier, soos die wat verband hou met die aansoeker se visvang planne, bemarkings planne en finansiële state

in ‘n aparte koevert in te dien.

2. Besluitneming

Alle besluite sal gebaseer wees op die toepaslike wette en sal gely word deur die toepaslike beleidsdokumente. Die beleide en die databasis saamgestel na die ontvangs van aansoeke, sal gebruik word om meer gedetaileerde kriteria en lading te ontwikkel vir doeleindes van evalueering van die aansoeke. Hierdie kriteria word ontwikkel met verwysing na inligting ontvang na sluitings datum en word gevolglik nie bekend gemaak voor die toekenningsproses nie.

(a) Kriteria gebruik vir besluitneming oor die toekennig van regte

Die Departement verwag ‘n groot aantal aansoeke vir langtermyn regte en voorsien dat, gegewe die huidige beperkings op vangs of vangspoging in al die visserye,daar nie alle aansoekers regte toegeken sal word nie. Sommige aansoekers sal verwerp word omdat hulle nie voldoen aan die basiese vereistes nie. Die res sal in ‘n rangorde ingedeel word volgens ‘n stel objektiewe kriteria ten einde die beste aansoekers te identifiseer in terme van die beleide en gelaaide kriteria. Die proses is wedywerend en die doel is om die beste aansoekers te identifiseer.

Vier tipes kriteria sal gebruik word om die aansoeke te evalueer.

Aansoeke sal gesif word in terme van ‘n stel “*uitsluitingskriteria”* en daarna in ‘n rangorde ingedeel word in terme van ‘n stel gelaaide “*balanseringskriteria”.* Bykomend, in die tradisionele lynvis sektor, mag die gedelegeerde owerheid een of meer van ‘n aantal “*valbyl-faktore”* benut, ten einde ‘n besluit te neem as daar te veel aansoekers met dieselfde telling is. ‘n Gedeelte van die TOV sal dan aan elke suksesvolle aansoeker toegeken word in term van ‘n stel *“vangspogingkriteria”.*

(i) Uitsluitingskriteria

Drie tipes uitsluitingskriteria sal gebruik word.

Eerstens sal ‘n aansoek nagegaan word om te bepaal of dit behoorlik ingedien is. ‘n Aansoek is onbehoorlik ingedien as dit laat ontvang is, as die aansoeker geen betaling gemaak het nie of te min betaal het of as betaling van die aansoek fooi laat geskied het; of as dit ingedien is op ‘n wyse strydig met die instruksies, soos per faks, of op ‘n vorm anders as die amptelike voorgeskrewe aansoekvorm. Die gedelegeerde owerheid en die Minister het geen diskresie om nie-nakoming van die indieningsvereistes te kondoneer nie.

Tweedens sal ‘n aansoek nagegaan word om vas te stel of dit wesentlike tekortkominge het. ‘n Aansoek het wesentlike tekortkominge indien die deklarasie nie onderteken is deur die aansoeker nie, of as die aansoeker se deklarasie nie bevestig is onder eed voor ‘n kommisaris van ede nie, of as meer as een aansoek ontvang is van die aansoeker vir ‘n visvangreg in dieselfde sektor, of as die aansoeker valse inligting of dokumente verskaf het, of versuim het om wesentlike inligting te openbaar, of gepoog het om die Minister of gedelegeerde owerheid te beinvloed gedurende die aansoek periode op ‘n wyse anders as vir voorsiening gemaak in hierdie beleid. Die gedelegeerde owerheid en Minister het geen diskresie om nie-nakoming van die vereistes met betrekking tot wesentlike tekortkominge te kondoneer nie.

Derdens sal ‘n aansoek nagegaan word om vas te stel of ‘n aansoeker aan die minimum noodsaaklike vereistes voldoen vir deelname aan die sektor, uiteengesit in paragraaf 10.1 van die lynvis beleid. Die gedelegeerde owerheid en Minister het geen diskresie om nie-nakoming van ‘n noodsaaklike vereiste vir deelname aan hierdie sektor te kondoneer nie.

(ii) Balanseringskriteria: Nuwe inkomelinge en medium-termyn regtehouers

Daar sal punte toegeken word aan aansoeke wat behoorlik ingedien is, nie wesentlike tekortkominge het nie en wat voldoen aan die noodsaaklike vereistes in terme van die stel balanseringskriteria uiteengesit in paragraaf 10.2 van die lynvis beleid (“*die balanseringskriteria”*). Die balanseringskriteria sal gelaai word vir doeleindes van aansoekers indeel in ‘n rangorde.

Daar sal nie punte toegeken word aan die aansoeke van medium-termym regte- of vrystellingshouers in terme van presies dieselfde kriteria en lading as potensiële nuwe inkomelinge nie en sal apart in ‘n rangorde ingedeel word. Afsnypunte sal dan apart vasgestel word vir medium-termyn regtehouers en potensiële nuwe inkomelinge. Alle aansoekers met ‘n telling groter of gelyk aan die afsnypunt, sal regte ontvang.

(iii) Valbyl-faktore

As daar te veel aansoekers met dieselfde telling is, mag die gedelegeerde owerheid valbyl-faktore gebruik ten einde te kies tussen aansoekers met dieselfde telling. Die valbyl-faktore mag bestaan uit kriteria waaraan daar nie punte toegeken is nie of waaraan punte toegeken is, maar die valbyl-faktor kan bestaan uit die verandering van die lading.

(b) Kriteria gebruik vir die toekenning van kwantum

Daar is twee aparte besluite. Nadat die besluite wat die sukesvolle aansoekers identifiseer geneem is, sal die gedelegeerde owerheid besluit oor die toekenning van kwantum of vangspoging aan elke suksesvolle aansoeker in lyn met die beleid beskryf in paragraaf 10.3 hierbo.